


20 Junie 2021

CATZ Kletsklas

1 Samuel 17:1-49



wat wil jy vandag bereik?

Die oor-bekende verhaal van Dawid en Goliat gee ons die geleentheid om oor hulle Goliats te gesels. Kyk of jy dus die Bybel-storie vir hulle op 'n nuwe manier kan aanbied. Gesels oor die dinge wat hulle bangmaak. Wat is die dinge wat vir hulle lyk na 'n onoorkombare probleem? En watter rol kan hul geloof hierin speel?

Lees Psalm 19:8-12 as 'n gebed.

Dink hieroor na:
Is die Here se bevele, onderwysings, gebooie vir jou 'n geskenk of 'n las?

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Wat is die ding waarvoor jy die bangste is? Het jy 'n fobie?

Wat is die grootste uitdagings wat vir jou voor lê die res van die jaar? Watter dinge lê soos 'n berg voor jou?

Vertel mekaar van 'n keer toe jy beplan het om iets te doen, 'n groot projek aan te pak – maar dan raai almal jou af om dit te doen, selfs net om te probeer.
Hoekom sou mense dit doen?

word stil

Word 'n paar oomblikke stil voor die Here.

As jy die regte spasie en genoeg tyd het, kan jy gerus jou groep help om die stilwordproses in te oefen.

Onthou almal is nie gemaklik daarmee nie – dus moet die enigste reël wees dat almal hulle oë en monde moet toemaak.

As hulle aan die slaap val, is dit ook goed.

Hierdie video is net 7 minute lank.

<https://youtu.be/zvG1H3muCQQ>

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan) lees 1 Samuel 17:1-49 saam as 'n groep

Of nooi hulle uit om so bietjie kreatief te raak!
Maak 'n eenvoudige rolverdeling, voer die verhaal op en maak 'n video met 'n selfoon
(en post dit op Sosiale Media #nous/DawidenGoliat)



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Kyk na die kort video. <https://youtu.be/KqTGkUUA3YU> Dawid word ook nie juis aangemoedig om Goliat aan te vat nie. Dawid was nie doof nie, hoekom dink julle het hy nogtans vir Goliat aangevat?

Wat weet ons van die Filistyne? En wat leer ons van Goliat? Wat is sy gesindheid teenoor Israel? En teenoor Dawid?

Wat leer ons uit die gedeelte van Dawid en sy familie? Hoe het die feit dat hy as koning gesalf is, hul behandeling van hom verander?

Gesels oor Israel se houding teenoor Goliat. Hoekom was hulle so bang vir hom? Was hy regtig soveel groter en sterker as die gemiddelde mense? Hoe help die manier waarop hulle Dawid (nie) aanmoedig (nie) vir Dawid?

Gesels oor hierdie aanhaling: "In any situation, what you ARE determines what you see, what you SEE determines what you DO."

Eendag het iemand vir Moeder Teresa gevra hoekom sy nie onder die las van die veeleisende taak om vir soveel honderde lydende mense te sorg, swig nie. Sy het geantwoord: "Ek word nie geroep om suksesvol te wees nie. Ek word net geroep om getrou te wees." Hoe is 'n mens getrou te midde van die Goliats van die lewe?

Het God jou al ooit deur 'n krisis gehelp? Moes jy al ooit iets 'face' wat jy dog het, jy gaan dit nie kan hanteer nie, jy gaan nie hierdeur kom nie... en dan kom jy tog daardeur? Was God getrou? Het mede-gelowiges se aanmoediging jou gehelp? Vertel die groep wat gebeur het.

Maak 'n lys van al die lewensbeginsels wat ons kan leer uit die gedeelte. Bv.

1. Geen Goliat/uitdaging is so groot dat ek en die Here dit nie kan oorwin nie.
2. ...?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

"Moed is net vrees wat begin bid het".

Anne Lamont

John Wayne, het blykbaar gesê: "Courage is being scared to death but saddling up anyway."
Hoe help vandag se storie ons om ons uitdagings anders aan te pak?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom
waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Enige Goliats waarmee ons kan help?

Bid die ABC van gebed

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."

